Verwysing: 20201015-8812
Lêerno.: 3/3/2/4/3
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0035/2020
Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale

Kort opsomming: *Gebruik van 2019 se ongebruikte jaarlikse verlofkrediete weens niebetaling van ongebruikte verlofkrediete.*

**Onderwerp: Gebruik van 2019 se jaarlikse verlofkrediete weens niebetaling van ongebruikte verlofkrediete**

1. Daar word verwys na die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) se Omsendbrief 30/2020 van 03 Augustus 2020 en die Wes-Kaap Onderwysdepartement se Omsendbrief 00021/2020 van 04 Augustus 2020.

2. Die DSA het 'n **eenmalige** ooreenkoms vir die verlenging van 2019 se ongebruikte jaarlikse verlofkrediete goedgekeur. Die finale datum vir die gebruik daarvan is 31 Desember 2020.

3. Werknemers moet dus aangemoedig word om hulle oorblywende verlofdae van 2019 se jaarlikse verlofsiklus teen 31 Desember 2020 te neem. Indien dit nie nagekom word nie, sal alle oorblywende ongebruikte verlofkrediete van 2019 se jaarlikse verlofsiklus verbeur word.

4. Aansoeke om verlof moet by die Direktoraat: Diensvoordele by Hoofkantoor voor of op 15 Desember 2020 ingedien word.

5. Prinsipale en bestuurders word versoek om vas te stel of werknemers oor 2019 se jaarlikse verlofkrediete beskik deur in aanraking met die toepaslike adjunkdirekteur by die Direktoraat: Diensvoordele te kom.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke werknemers.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2020-10-27